



Die Isuzu FXR 17-360 is deel van die omvattende F-Series.



Die Isuzu FXZ 26-360 is een van die groot menere in die F-Series.

# Oorgenoeg spiere vir swaar vrag

In die F-Series sal jy 'n vragmotor kry wat presies geskik is vir die werk wat jy daarmee wil verrig.

**A**s jy die taak gedaan wil kry – veral as dit iets swaars is wat vervoer moet word – hoef jy nie verder te gaan soek as Isuzu se F-Series-swaargewigte nie. In die reeks is 'n vragmotor vir elke taak en toepassing.

Met die bekendstelling van die F-Series in Maart 2010 was daar 13 van hulle – almal splinternuut. Die agt swaargewigte in die reeks – FX/GX-modelle – het later in daardie jaar bygekom. Sedertdien is die F-Series-reeks uitgebrei tot nie minder nie as 24 modelle met bruto voertuigmassas van 10 000 kg tot 28 000 kg.

Die FX/GX-modelle vorm 'n belangrike skakel tussen Isuzu se “liggewig”-F-Series en die Isuzu Gigamax, die vervaardiger se ekstra-swaargewig. Die standaard-F-

Series is toegerus met 'n enjin wat 206 kW by 2 400 r/min en 882 N.m wringkrag by 1 450 r/min. ontwikkel.

Die FX/GX se krag kom van 'n deelpyp-turbodiesel met tussenverkoeling wat 265 kW by 2 000 r/min. en 'n allemintige 1 422 N.m wringkrag by 1 400 r/min. ontwikkel – oftewel 61% meer wringkrag as die standaard-F-Series. Die uitlaatgasresirkulasiesisteme verseker dat die laer ontbrandingstemperatuur die vrystelling van stikstofoksied in die uitlaatgas beheer. Hierdie enjin oorskry die Suid-Afrikaanse Euro 2-spesifikasie en word geklassifiseer as 'n Euro 3-eenheid.

Die FX/GX-modelle is standaard toegerus met 'n negegangratkas, die ZF 9S1310. Die ratkas, ontwerp as 'n agtgangetheid

vir normale gebruik, spog met 'n “kruip”-rat vir situasies waarin 'n besonder lae rat-verhouding nodig is om, sê, met 'n vol vrag teen 'n steil bult weg te trek.

Isuzu het groot moeite gedoen om te verseker dat sy F- en FX/GX-modelle so veilig moontlik is. Die hele FX/GX-reeks is toegerus met 'n volle lug-, ABS-remstelsel. Dit word gesteun deur 'n standard-uitlaatreem plus 'n elektromagnetiese vertraer in die GXR 40-360.

Een van die dinge wat eienaars se hart sal verbly, is die FX/GX se voorasvermoë. Isuzu het die bande se dravermoë by die asvermoë aangepas. Die standaardbande, 315/80 R22,5, is aangepas by die Isuzu se voorasaanslag van 7 500 kg, wat ook die wetlik toelaatbare (A-aanslag) vir die hele reeks is. Die agterasvermoë van die FX/GX-modelle oorskry die toelaatbare aanslag van 9 ton op 'n enkele as en 18 ton op 'n dubbelaseenheid.

'n Dieseltenk van 400 liter word gebruik, wat 'n meer as voldoende reikafstand bied vir mediumafstand-toepassings. Die olie moet elke 20 000 km vervang word, wat staantyd verminder. **LB**



Die FX/GX-reeks vragmotors van Isuzu is omvattend genoeg vir enige taak en toepassing.